

EUKLIDIESE MEETKUNDE

Stelling 1


Die lyn getrek vanaf die middelpunt van 'n sirkel, loodreg op 'n koord, halveer die koord.

"lyn van midpt \perp op koord"

Stelling 1 (omgekeerde)

Die lyn getrek vanaf die middelpunt van 'n sirkel na die middelpunt van 'n koord is loodreg op die koord.

"lyn van midpt na midpt koord"



Stelling 2


Die middelloodlyn van 'n koord gaan deur die middelpunt van die sirkel.

"middelloodlyn van koord"

Stelling 3

Die hoek onderspan deur 'n boog by die middelpunt van 'n sirkel is dubbel die grootte van die hoek onderspan deur dieselfde boog by enige punt op die omtrek van die sirkel.

"midpts $\angle = 2 \times$ omtreks \angle "



Stelling 3 (afleiding)

→ Die middellyn van 'n sirkel onderspan 'n regte hoek op die omtrek van die sirkel.


→ As die omtrekshoek van 'n sirkel 'n regte hoek is, word dit onderspan deur 'n middellyn.

" \angle in semi-sirkel"

Stelling 4

Die omtrekshoeke onderspan deur 'n koord van 'n sirkel aan dieselfde kant van die koord, is gelyk.

" \angle e in dies. sirkel segment"



Stelling 4 (afleiding)

Gelyke koorde onderspan gelyke hoeke op die omtrek van 'n sirkel.

"= koorde onderspan = \angle e"

Stelling 4 (omgekeerde)

As twee hoeke onderspan deur dieselfde lyn gelyk is, dan is die vierhoek gevorm deur ABCD 'n koordevierhoek.

" \angle e in dies. sirkel segment"

Stelling 5


Die teenoorstaande hoeke van 'n koordevierhoek is supplementêr.

"teenoorst \angle e van kvh"

Stelling 5 (afleiding)

Die buitehoek van 'n koordevierhoek is gelyk aan die teenoorstaande binnehoek.

"buite \angle van kvh"



Stelling 5 (omgekeerde)


'n Vierhoek is 'n koordevierhoek as die teenoorstaande hoeke supplementêr is.

"teenoorst \angle e van vierh suppl."

Stelling 6

As twee raaklyne vanuit 'n punt buite 'n sirkel getrek word, dan is die afstande vanaf die punt na die raakpunte gelyk.

"raaklyne vanuit dies. punt"



Stelling 7

Die hoek wat gevorm word tussen 'n raaklyn aan 'n sirkel en 'n koord wat vanuit die raaklyn getrek word, is gelyk aan die hoek in die oorsaande segment.

" \angle tussen raaklyn en koord"

